Nuusbrief 191

5 Augustus 2014

Geagte lede,

KENNISGEWING VAN STREEKVERGADERING

Lede word genooi om die tweede rondte streekvergaderings vir 2014, gehou op die datums en plekke soos hieronder weergegee, by te woon. Die agendas vir die vergaderings sal nader aan die datums gesirkuleer word. Lede wat enige formele items tot die agenda wil byvoeg, kan die detail aan SAWPA stuur voor of teen die 15de Augustus. Dui asseblief aan of dit slegs vir u spesifieke streek of vir Nasionale bespreking van toepassing sal wees. In gevalle waar voorbereiding van SAWPA verwag word, sal ons dit waardeer as u die agtergrondinligting saam met die agenda-item sal indien.

Streekvergaderingskedule en plekke

Limpopo	1 September 2014	Fairview Hotel, Ou Gravelotte Weg, Tzaneen
Mpumalanga	3 September 2014	Forever Resort Hotel en Konferensie Sentrum, Badplaas
Kwa Zulu Natal	5 September 2014	Ascot Konferensie Sentrum, 217 Woodhouse Weg, Pietermaritzburg
Gauteng	8 September 2014	Shumba Valley Lodge – Pelindaba Weg- Lanseria
Suid/Oos Kaap	10 September 2014	Pine Lodge, hv Saasveld and Knysna Weg, George
Wes Kaap	11 September 2014	Houtkunde Departement, Universiteit van Stellenbosch

Al die streekvergaderings begin om 10:00.
Verversings sal voor en middagete na elke vergadering bedien word.
Verwittig asseblief vir Sue by 011 974 1061 of by sawpa@global.co.za as u gaan bywoon, aangesien ons die nodige sitplek en spysenieringsreëlings moet tref.

KENNISGEWING VAN SAWPA CHEMIESE FORUM, UITVOERENDE KOMITEE EN ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Alle lede word in kennis gestel dat die Algemene Jaarvergadering soos hieronder aangedui, gehou sal word. Die Chemiese Forum en Uitvoerende Komiteelede word ook in kennis gestel van die datums en tye van die onderskeie vergaderings. Die agendas van die vergaderings sal nader aan die tyd aan lede gestuur word. Indien u enige items tot enige van die onderskeie agendas wil voeg, kan u dit vir Sue stuur om ons nie later as die 5de September te bereik nie.

Chemiese Forum	29 September	13:00	SAWPA Raadskamer, SAFCA Gebou, 6 Hulley Weg, ISANDO
Uitvoerende Komitee	30 September	9:00	SAWPA Raadskamer, SAFCA Gebou, 6 Hulley Weg, ISANDO
AJV	30 September	13:00	SAFCA Raadsaal van die SAFCA Gebou, 6 Hulley Rd, Isando (SAWPA kantore)

"PLAYGROUND SAFETY INSTITUTE" BRIEF

Lede word verwittig dat ons onlangs 'n brief van die "Playground Safety Institute of South Africa" ontvang het wat ook aan verskeie staatsdepartemente sowel as die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Mediese Navorsingsraad van SA geadresseer was. Die betrokke brief het geen direkte skakel met die WD Goodwin klagte wat in 2012 sy kop uitgesteek het nie, en waaraan ons reeds baie tyd, insette en geld bestee het om die aantygings teë te staan. Dit is ook deels as

gevolg hiervan, en na konsultasie met ENSafrica, wat ons bygestaan het met die volledige respons op die WD Goodwin klagtes, dat ons die instituut in kennis gestel het dat ons nie die klagte in parallel met die bestaande klagte gaan teenstaan nie. SAWPA het die instituut versoek om hul klagte amptelik deur die Registrateur van Wet 36 van 1947 in te dien waar daar reeds 'n formele proses onderweg is, en waar ons sal antwoord indien ons versoek word om dit te doen. Interessantheidshalwe verwys die nuutste brief ook na die risiko van ander produkte wat in speelparke gebruik word, insluitende loodbevattende verf, en ook kreosoot en TBTN-P wat nie in die aanwending gebruik word nie.

In nuusbrief Nr 190 van 25 Junie het ons melding gemaak van 'n amptelike werkswinkel of openbare vergadering wat deur die Registrateur van wet 36 van 1947 gehou gaan word en waar alle belanghebbende partye hulle standpunt sal kan stel om te bepaal of die gebruik en registrasie van KCA met of sonder beperking sal geskied. Tot op hede het ons nog geen aanduiding van wanneer die werkswinkel sal plaasvind nie.

HOME HANDYMAN TYDSKRIF - MANDELA DAG INISIATIEF EN PROMOSIE PROJEK

SAWPA is trots om deel te kon wees van die Home Handyman Mandela dag projek wat op die 18de Julie plaasgevind het. Die projek het die vervanging van 'n ou en verrotte Wendy Hut by die Oasis Haven kindertehuis vir verworpe kinders ingesluit. Oasis Haven het dringend 'n ander Wendy Hut benodig wat hulle as stoorplek benut en SAWPA is deur die Home Handyman tydskrif genader om betrokke te raak en 'n nuwe Wendy Hut te borg. Sommige van ons lede was ook betrokke i.e. Beaver Timbers, vervaardiger van die hut, wat die vervoer tot by die terrein verskaf het, en Timberlife, wat die remediërende verduursamingsmiddel vir die vloer asook die seëlaar vir die res van die hut verskaf het.

SAWPA het ook 'n promosie projek saam met Home Handyman van stapel gestuur wat oor 6 maande sal strek en waardeur ons artikels, advertensies en ook Doen Dit Self projekte in die tydskrif sal publiseer as deel van ons volgehoue pogings om behandelde hout, asook ons lede te bevorder en bekend te stel aan die breër publiek.

BMI – BRSCU STRATEGIESE FORUM SESSIES

In nuusbrief Nr. 188 van 7 Februarie 2014 het ons u meegedeel van die onderskrywingvenootskap wat SAWPA tesame met die Instituut vir Houtkonstruksie, die Saagmeulenaarsvereniging van SA en die Houtraambouersvereniging van SA met BMI (Business and Marketing Intelligence) Building Research Strategy Consulting Unit, ondergaan het. Daarmee saam het ons ook reeds uitnodigings aan ons lede gerig om die laaste twee Strategiese Forum Sessies by te woon. Alhoewel ons verstaan dat lede wat ver woonagtig is nie die sessies sal kan meemaak nie, wil ons die lede wat wel nader is, of dalk in die omgewing is wanneer die sessies beplan word, versoek om dit ernstig te oorweeg.

Die sessies in geweldig insiggewend en betekenisvol deurdat die gerekende sprekers hulle vooruitskattings en scenarios, gebaseer op die politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese, wetlike en omgewingskundige perspektief vir Suid Afrika en ook op internasionale vlak met ons deel. Sprekers van die kaliber van Dr Azar Jammine (hoof ekonoom by Econometrix), Theo Venter (politieke en analis van NW Universiteit, Dr Johan Snyman (konstruksie bedryf adviseur en lektor by UCT) en Dr Llewellyn Lewis (hoof konsultant by BMI-BRSCU) vorm saam die "scenario" span. Die datum vir die volgende strategiese forum is geskeduleer. Die volgende strategiese forum is geskeduleer vir die 28ste November. SAWPA sal egter nader aan die datum weer kennisgewing en uitnodigings uitstuur. Lede kan ook die BMI-BRSCU skakel op die SAWPA webtuiste besoek onder die opskrif STATISTICS INDUSTRY REPORTS by www.sawpa.co.za/bmi-brscu.html

SAWPA BY AUGUSTUS EN OKTOBER UITSTALLINGS

Net 'n vriendelike herinnering dat SAWPA by die volgende skoue sal uitstal gedurende Augustus en Oktober. Lede wat enige van die skoue wil bywoon kan by die onderskeie webtuistes vooraf aanlyn registreer.

CTICC Kaapstad – 13 & 14 August 2014

http://www.cape-construction.co.za/

Johannesburg Uitstal Sentrum (NASREC)

http://www.interbuild.co.za/

WNNR Konvensie Sentrum Pretoria – 2 & 3 Oktober 2014

http://www.gautengfarmers.co.za/Home/

Die doel van die betrokkenheid by die uitstallings is om 'n groter bewusmaking van behandelde hout, asook die bevordering van die gebruik daarvan in die konstruksie en landbousektor te vestig.

ALGEMENE NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Junie en Julie was onderskeidelik 61 802 & 62 014.
- Ons heg ‘n artikel aan wat in die nuutste Timber IQ gepubliseer was. Die artikel het betrekking op hout dekke en SAWPA is gevra om spesifiek insette te lewer oor houtverduursaming.
- Lede moet onthou om die gratis veiligheidsetikette vir die aanwending op behandelde hout by Sue te bestel. Daar word aanbeveel dat ten minste 10% van alle behandelde hout geëtiketteer moet word voor besending.
- Lede word weereens herinner om asseblief vir ons ‘n elektroniese logo van julle maatskappye te stuur. Ons wil graag ‘n promosie projek van stapel stuur waarin ons lede blootgestel en bevorder word.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.